# Versoek om en aanvaarding van kwotasie

Dankie dat u Momentum gekies het om 'n kwotasie te verskaf rakende die behoeftes van u werknemers.

Ek erken en bevestig dat ek gemagtig is om die kwotasie aan te vra en te aanvaar en stem in tot die bepalings en voorwaardes hieronder gespesifiseer.

Ek bevestig ook dat die inligting wat ek verskaf het, volledig, nie misleidend nie, bygewerk en akkuraat is.

Let asseblief daarop dat hierdie 'n groepsplan is en 'n opsie moet vir elkeen van u werknemers gekies word.

Kies asseblief enige een van die opsies per werknemer en voltooi die vorm hieronder.

| | Opsie1 | Opsie 2 | Opsie 3 | Opsie 4 | Opsie 5 | Opsie 6 | Opsie 7 | Opsie 8 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R 29 | R 55 | R 110 | R 176 | R 216 | R 289 | R 402 | R 578 |
| Aantal werknemers per opsie | | | | | | | | |
| Totale maandelikse premie per opsie | | | | | | | | |
| Totale maandelikse premie vir alle werknemers | | | | | | | | |

## Werkgewer se besonderhede

E-posadres

Geregistreerde sake adres

Handelsnaam

Kontakpersoon

Kontaknommer

**Ek magtig Momentum hiermee om op die 1ste dag van elke maand die premieaftrekking teen my sakebankrekening te doen**

**Handtekening**

D D - M M - 2 0 Y Y

**Datum**

## Bank rekening besonderhede

Rekeninghouer se naam

Rekeningnommer

Tipe rekening

Tak naam

Tak kode

## Werknemer se besonderhede

**Belangrik:** Om ons in staat te stel om die skema in werking te stel, benodig ons besonderhede van u werknemers.

'n Konsultant sal u binnekort kontak om u te help met opleiding oor hoe om u werknemers se besonderhede op u werkgewersportaal (ERP) te laai.

**Effektetrust-spaarrekening:**

Sodra bogenoemde werknemerdata op die ERP gelaai is, sal ons 'n vorm vir elke werknemer opstel om te teken vir die doeleindes van die uitreiking van die effektetrust-spaarkontraknommer. Hierdie vorms sal aan die werkgewer gestuur word, wat dan hierdie proses met sy werknemers moet koördineer.

Vir FICA het ons 'n gesertifiseerde afskrif van elke werknemer se identiteitsdokument, asook bewys van sy/haar woonadres nodig. Indien die werknemer se adres op sy/haar betaalstrokie voorkom, verskaf dan asseblief hierdie betaalstrokie aan ons omdat dit kan dien as bewys van sy/haar adres.

**Bepalings en voorwaardes**

## 1. Hoe die produk werk

Die dekking sal op die 1ste dag van die maand nadat u die kwotasie aanvaar het, in werking tree. Die koste van die voordele word vir die tydperk vanaf die aanvangsdatum gewaarborg en dit sal op die 1ste Januarie van elke jaar verhoog word.

Premies sal maandeliks agterstallig op die laaste dag van die maand betaalbaar wees. ’n Grasietydperk van 30 dae sal toegelaat word. Indien die volle bedrag nie binne hierdie grasietydperk ontvang word nie, sal die dekking verval. Momentum moet maandeliks van alle veranderinge aan lidmaatskap verwittig word.

Maak asseblief seker dat u teen die maandeinde genoeg geld vir die debietorderaftrekking in u bankrekening het.

## 2. Wie kwalifiseer vir die voordele?

Alle werknemers wat heeltyds, aktief en permanent in diens is, kwalifiseer vir dekking. Om as heeltyds in diens beskou te word, moet ’n werknemer ten minste 20 uur per week werk. ’n Werknemer wat aktief werk, beteken dat die werknemer in staat is om al sy/haar normale pligte na te kom en dit ook uitvoer.

’n Werknemer moet óf onder die ouderdom van 60, óf onder die Werkgewer se normale aftree-ouderdom wees op die datum waarop hy/sy by die skema aansluit.

**Dekking is verpligtend vir alle werknemers wat aan die toelatingsvereistes voldoen.**

## 3. Voorwaardes van dekking

Die voordele kan nie gesedeer, verpand of oorgedra word nie.

’n Werknemer se dekking sal verval by watter van die volgende eerste plaasvind:

- Beëindiging van diens
- Bereiking van aftree-ouderdom (65 jaar)
- Dood van werknemer
- Beëindiging van betaling van premies
- Beëindiging van hierdie polis deur Momentum of die Werkgewer
- Die vertrek van die werknemer uit Suider-Afrika vir ’n tydperk van twaalf agtereenvolgende maande (tensy Momentum besluit om hierdie tydperk uitsluitlik na eie goeddunke te verleng).

## 4. Eis om voordele en kansellasie

U moet Momentum so gou as moontlik in kennis stel van enige potensiële eis of enige gebeurtenis wat tot ’n eis kan lei.

Eise moet binne die volgende tydsbeperkinge ingedien word vir Momentum om dit te erken:

- Familie-begrafnisdekking – binne 6 maande vanaf die sterfdatum

Beide u of Momentum kan die polis binne 30 dae vanaf ontvangs van die polis kanselleer deur een kalendermaand se skriftelike kennis te gee.

## Vrywaring

Die inligting vervat in die dokument kom nie op advies neer soos gedefinieer in die Wet op Advies- en Tussengangerdienste nie.

## Geldigheid

Hierdie kwotasie is geldig vir 90 dae vanaf die datum van versoek en is onderhewig aan Momentum se standaardbepalings, -voorwaardes en -aannames.

**Ek stem in tot die bepalings en voorwaardes**

Aanvangsdatum van dekking D D - M M - 2 0 Y Y

**Gemagtigde handtekening**

D D - M M - 2 0 Y Y

**Datum**

## Let Wel:

Sodra u die kwotasievorm voltooi en onderteken het, stuur dit aan Momentum per:

1. Faks on **012 684 5813** of
2. E-pos na **commercialproduct@momentum.co.za**